## SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

**NO. R. 1151** **23 SEPTEMBER 2016**

### DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.
### WYSIGING VAN BYLAE NO. 6 (NO. 6/1C/43)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1C van Bylae No. 6 by bogenoemde Wet hiermee gewysig in die mate in die Bylae hierby aangetoon.

**M JONAS**
**ADJUNKMINISTER VAN FINANSIES**

**BYLAE**

**Deur die invoeging van die volgende Opmerking(s) na Opmerking 5 in Afdeling C tot Deel 1 van Bylae No. 6:**

6. Vir die doeleindes van items 620.22, 620.23 en 620.24 die volgende:

(a)

(i) Wyn, vermoet en ander gegiste dranke wat nie volgens spesifikasie is of bederf is nie of wat navervaardiging agteruitgang ondergaan het mag slegs na 'n spesiale doeane- en aksyns vervaardigingspakhuis (SVM) teruggestuur word vir vernietiging of herprosessering, indien sodanige produkte nie volgens spesifikasie bevind word nie, bederf is of navervaardiging agteruitgang ondergaan het binne 'n periode van 12 maande na verwydering uit die SVM en dat die goedere teruggestuur is binne hierdie tydperk.

(ii) Die voorsiening vir hierdie item sal toegepas word ten opsigte van wyn, vermoet en ander gegiste dranke -

(aa) onder die beheer van die vervaardiger;

(bb) teruggestuur as vervaardig van dieselfde groepering(s); en

(cc) teruggestuur in die oorspronklike verseëlde houers vir groothandel of soortgelyke verpakking.

(iii) Die gelisensieerde van die doeane- en aksyns vervaardigingspakhuis waarin sodanige goedere geherprosesseer of vernietig word moet aansoek doen by die Kommissaris vir sodanige herprosessering of vernietiging en die omstandighede verklaar waaronder die goedere, en die mate waaraan die goedere, nie volgens spesifikasie is nie of bederf is.

(b)

(i) Indien die Kommissaris die aansoek goedkeur, enige wyn, vermoet of ander gegiste dranke teruggestuur is kragtens hierdie item sal -

(aa) ongeskonde en heeltemaal afsonderlik van enige ander goedere of stowwe gehou word, totdat dit geondersoek en geïdentifiseer is deur 'n beampte; en

(bb) uitgepak, waar van toepassing, en verplaas is na en vermeng is met bestandele van stowwe vir herprosessering, onder die toesig van 'n beampte; of

(cc) vernietig word onder die toesig van 'n beampte.

(ii) Die lisensiehouer van 'n SVM aan wie sodanige produkte teruggestuur word vir vernietiging moet rekord hou wat ten minste die volgende insluit -

(aa) 'n gedetailleerde beskrywing van die goedere ontvang insluitende die betrokke tariefitem;

(bb) die hoeveelheid ontvang;

(cc) die datum van ontvangs;

(dd) die afleweringsnota onder dekking waarvan sodanige produkte teruggestuur is;

(ee) behoorlike opname van die aksynsondersoekprosesse; en

(ff) behoorlike rekord van die aksynstoestemming vir vernietiging of herprosessering.

(c )

(i) Vir die doeleindes van artikel 75(11A), moet die lisensiehouer van die SVM wat sodanige aansoek gerig het, bewys voorlê, dat die reg wel betaal was, sowel as die skaal waar teen aksynsreg betaal is op sodanige produkte voorgelê vir vernietiging of herprosessering in ooreenstemming met die voorsienings van hierdie item en, indien die gelisensieerde in gebreke bly om sodanige bewyse te lewer, sal die skaal van reg op enige hoeveelheid teruggestuur bereken word vir terugbetaling doeleindes teen die laagste skaal van aksynsreg gehef ingevolge hierdie Wet op sodanige produkte gedurende die 12 maande periode soos bedoel in Opmerking 6(a)(i).

(ii) Waar enige goedere wat spiritus bevat waarvoor enige korting op reg op die spiritus toegelaat was soos bedoel in artikel 75(18) teruggestuur word na 'n doeane- en aksyns vervaardigingspakhuis vir herprosessering of vernietiging soos in hierdie item voorsien, moet die aksynsreg soos toegelaat as 'n korting ten opsigte van die goedere so teruggestuur terugbetaal word voordat enige proses van herverwerking van die produk of vernietiging daarvan mag plaasvind.

(d) Die lisensiehouer van sodanige pakhuis mag, na herprosessering of vernietiging van die betrokke produkte, en by verrekening van die goedere wat geherprosesseer of vernietig is in die maandelikse rekening, voorgeskryf in die reëls vir artikel 19A, soos bedoel in artikel 77, enige bedrag terugbetaalbaar teen die bedrag op sodanige rekening gedurende die tydperk van twee jaar na die ontvangs van die goedere vir herprossessering of vernietiging, verreken soos die geval mag wees.

**Deur die invoeging van die volgende:**

| Kortingtem | Tariefitem | Kortingkode | TS | Beskrywing | Mate van Korting | Mate van Terugbetaling |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **620.22** | **104.15** | **Wyn, na verwydering uit 'n spesiale vervaardigingspakhuis (SVM) na klaring vir huishoudelike gebruik en betaling van reg, bevind is om nie volgens spesifikasie te wees of bederf of voorafvervaardiging agteruitgang ondergaan het en teruggestuur word na 'n SVM vir herprosessering of vernietiging, onderworpe aan die voorsiening van Opmerking 6 in hierdie Afdeling:** | | | | |
| 620.22 | 104.15.01 | 01.01 | 75 | Vonkelwyn | | Volle reg |
| 620.22 | 104.15.03 | 02.01 | 73 | Met 'n alkoholsterkte van minstens 4.5 persent volgens volume maar hoogstens 16.5 persent volgens vol. | | Volle reg |
| 620.22 | 104.15.04 | 03.01 | 72 | Ander | | Volle reg |
| 620.22 | 104.15.05 | 04.01 | 76 | Met 'n alkoholsterkte van minstens 15 persent volgens volume maar hoogstens 22 persent vol. | | Volle reg |
| 620.22 | 104.15.06 | 05.01 | 72 | Ander | | Volle reg |
| 620.22 | 104.15.07 | 06.01 | 79 | Met 'n alkoholsterkte van minstens 4.5 persent volgens volume maar hoogstens 16.5 persent volgens vol. | | Volle reg |
| 620.22 | 104.15.08 | 07.01 | 75 | Ander | | Volle reg |
| 620.22 | 104.15.09 | 08.01 | 71 | Met 'n alkoholsterkte van minstens 15 persent volgens volume maar hoogstens 22 persent vol. | | Volle reg |
| 620.22 | 104.15.10 | 09.01 | 78 | Ander | | Volle reg |
| **620.23** | **104.16** | **Vermoet, na verwydering uit 'n spesiale vervaardigingspakhuis (SVM) na klaring vir huishoudelike gebruik en betaling van reg, bevind is om nie volgens spesifikasie te wees of bederf of voorafvervaardiging agteruitgang ondergaan het en teruggestuur word na 'n SVM vir herprosessering of vernietiging, onderworpe aan die voorsiening van Opmerking 6 in hierdie Afdeling:** | | | | |
| 620.23 | 104.16.01 | 01.01 | 74 | Vonkel | | Volle reg |
| 620.23 | 104.16.03 | 02.01 | 72 | Met 'n alkoholsterkte van minstens 4.5 persent volgens volume maar hoogstens 15 persent volgens vol. | | Volle reg |
| 620.23 | 104.16.04 | 03.01 | 79 | Ander | | Volle reg |
| 620.23 | 104.16.05 | 04.01 | 75 | Met 'n alkoholsterkte van minstens 15 persent volgens volume maar hoogstens 22 persent vol. | | Volle reg |
| 620.23 | 104.16.06 | 05.01 | 71 | Ander | | Volle reg |
| 620.23 | 104.16.09 | 06.01 | 71 | Met 'n alkoholsterkte van minstens 4.5 persent volgens volume maar hoogstens 15 persent volgens vol. | | Volle reg |
| 620.23 | 104.16.10 | 07.01 | 78 | Ander | | Volle reg |
| 620.23 | 104.16.11 | 08.01 | 74 | Met 'n alkoholsterkte van minstens 15 persent volgens volume maar hoogstens 22 persent vol. | | Volle reg |
| 620.23 | 104.16.12 | 09.01 | 70 | Ander | | Volle reg |
| **620.24** | **104.17** | **Ander gegiste dranke, na verwydering uit 'n spesiale vervaardigingspakhuis (SVM) na klaring vir huishoudelike gebruik en betaling van reg, bevind is om nie volgens spesifikasie te wees of bederf of voorafvervaardiging agteruitgang ondergaan het en teruggestuur word na 'n SVM vir herprosessering of vernietiging, onderworpe aan die voorsiening van Opmerking 6 in hierdie Afdeling:** | | | | |
| 620.24 | 104.17.03 | 01.01 | 77 | Vonkel gegiste vrugte of mee dranke; mengsels van vonkel gegiste dranke verkry van die fermentasie van vrugte of heuning; mengsels van vonkel gegiste vrugte of mee dranke en nie-alkoholiese dranke | | Volle reg |
| 620.24 | 104.17.05 | 02.01 | 75 | Tradisionele Afrikaanbier soos omskryf in Addisionele Opmerking 1 by Hoofstuk 22 | | Volle reg |
| 620.24 | 104.17.07 | 03.01 | 73 | Ander gegiste dranke, ongefortifiseerd, met 'n hoogstens 15 persent volgens volume | | Volle reg |

| Kortingtem | Tariefitem | Kortingkode | TS | Beskrywing | Mate van Korting | Mate van Terugbetaling |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 620.24 | 104.17.09 | 04.01 | 71 | Ander gegiste dranke van nie-gemoute graankorrels, ongefortifiseerd, met 'n alkoholsterkte volgens volume van minstens 2.5 persent by vol. maar hoogstens 9 persent by vol. | | Volle reg |
| 620.24 | 104.17.11 | 05.01 | 71 | Ander mengsels van gegiste dranke van nie-gemoute graankorrels en nie-alkoholiese dranke, ongefortifiseerd, met 'n alkoholsterkte minstens 2.5 persent volgens volume, maar hoogstens 9 persent volgens vol. | | Volle reg |
| 620.24 | 104.17.15 | 06.01 | 71 | Ander gegiste appel- of peerdranke ongefortifiseerd, met 'n alkoholsterkte van minstens 2.5 persent volgens volume, maar hoogstens 15 persent volgens vol. | | Volle reg |
| 620.24 | 104.17.16 | 07.01 | 78 | Ander gegiste vrugtedranke en meedranke, insluitend mengsels van gegiste dranke afkomstig van die gisting van vrugte of heuning, ongefortifiseerd, met 'n alkoholsterkte van minstens 2.5 persent volgens volume, maar hoogstens 15 persent volgens vol. | | Volle reg |
| 620.24 | 104.17.17 | 08.01 | 74 | Ander gegiste appel- of peerdranke gefortifiseerd, met 'n alkoholsterkte van minstens 15 persent volume, maar hoogstens 23 persent volgens vol. | | Volle reg |
| 620.24 | 104.17.21 | 09.01 | 76 | Ander gegiste vrugtedranke en meedranke, insluitend mengsels van gegiste dranke afkomstig van die gisting van vrugte of heuning, gefortifiseerd, met 'n alkoholsterkte van minstens 15 persent volgens volume, maar hoogstens 23 persent volgens vol. | | Volle reg |
| 620.24 | 104.17.22 | 10.01 | 70 | Ander mengsels van gegiste vrugtedranke of meedrank en nie-alkoholiese dranke, ongefortifiseerd, met 'n alkoholsterkte van minstens 2.5 persent volgens volume, maar hoogstens 15 persent volgens vol. | | Volle reg |
| 620.24 | 104.17.25 | 11.01 | 75 | Ander mengsels van gegiste vrugtedranke of meedranke en nie-alkoholiese dranke, gefortifiseerd, met 'n alkoholsterkte van minstens 15 persent volgens volume, maar hoogstens 23 persent volgens vol. | | Volle reg |
| 620.24 | 104.17.90 | 12.01 | 73 | Ander | | Volle reg |